



DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 14 * Nr 151 * DESEMBER 2018

FB: Lourensrivier SeMense WEB: www.lourensrivier.co.za

LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Rentmeesterskap	3
Fokus op die Huwelik	4
Reseptehoekie	5
Gebedsaksie	6
BID: Decoligny	7
Sonder Jesus	8
Advertensies	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

Daarom Vier Ons Kersfees: Lied deur Johan C Venter

Ons vier nie fees nie, ons vier liefde
Vier nie ontvang nie, ons vier gee
Ons vier nie kwaad nie, ons vier vrede

As 'n familie vier ons fees...

Ons vier nie weemoed, ons vier glimlag
Ons vier nie haat nie, ons vier hoop
Ons vier nie dood nie, ons vier lewe

As 'n gesin vier ons geloof...

En dit lyk dalk soos 'n verskoning om geskenke uit te deel
Maar gebroke is ons as mense, Maar sy geskenk maak ons weer heel!

So ons vier Kersfees, ons Koning het vir ons gekom,
Ons is vrygemaak deur Hom!

Al is daar liggies in ons bome, vier ons steeds Sy geboorte
En droom van Sy herkoms
'n Vaders stuur Sy Seun vir ons
Om te sterf sodat ons kan leef...
...Daarom vier ons Kersfees!

Ons vier nie ingee nie, ons vier oorgee
Ons vier nie vrees nie, ons vier krag
Ons vier nie leuens nie, ons vier opreg
'n Ster se boodskap in die nag
En dit lyk dalk soos 'n verskoning
om geskenke uit te deel
Maar gebroke is ons as mense,
maar sy geskenk maak ons weer heel!

So ons vier Kersfees

Ons Koning het vir ons gekom, ons is vrygemaak deur Hom
Al is daar liggies in ons bome, vier ons steeds Sy geboorte
En droom van Sy herkoms
'n Vaders stuur Sy Seun vir ons
Om te sterf sodat ons kan leef...

...Daarom vier ons Kersfees!

Skakel na lied: <https://www.youtube.com/watch?v=-el5p7V2z7k>



Wil jy graag iets
in ons koerantjie
plaas of self iets
skryf?

Bydraes vir Jan. '19.
moet Kerkkantoor
voor 12:00 op Ma.
21/01/19 bereik!

LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)

Kol.3:11 Christus alles en in almal.



Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE. WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).

BERG 80 VERJ: DESEMBER 2018 & JANUARIE 2019

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Erasmus	Rassie	12/04	83
Le Roux	Roelf	12/05	87
Jooste	Andre	12/07	88
Pienaar	Emmie	12/08	82
Strauss	Lorna	12/08	82
Dippenaar	Bobbie	12/10	88
Van Heerden	Martin	12/11	80
Minnie	Louis	12/18	82
Le Roux	Noreen	12/19	89
Roux	David	12/19	83
Van Deventer	Dillie	12/23	83
Dippenaar	Joan	12/29	79
Nieuwoudt	Elbie	01/04	89
Goldie	Martie	01/09	87
Louw	Willem	01/10	80
Baard	Daneta	01/14	88
Huysamen	Hester	01/14	80
Louw	Kitty	01/16	79
Botha	Miems	01/23	81
Esterhuyse	Pieter	01/24	82
Krüger	David	01/25	80
Claassens	Marjorie	01/26	89
Nell	Jean	01/28	79
Dippenaar	Willem	01/30	83
Huysamen	Jacobus	01/31	79

FIL. 4:19

GOD sal in elke behoefte van jou ryklik voorsien volgens Sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.

Vele seën & vreugde



Dinamiet Kiedz deel liefde uit by Huis Jan Swart: 4 November 2018



Rentmeesterskap

Filippense 4:17-19

Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker. Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg. Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.

Betaalwyses vir alle bydraes

- ✦ inbetaling by kerkkantoor
- ✦ m.b.v. dienswerker
- ✦ aftrekorder (reël self by bank)
- ✦ EFT

Oorweeg dit asb. ernstig om bydraes met debietorders te maak. Vorms is by die kerkkantoor beskikbaar.

Jy kan ook die ZAPPER selfoontoepassing as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en dankoffer bydraes gebruik. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store" Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.



Vir inligting of navrae:
021 853 5991 of fin@louensrivier.co.za

Bankbesonderhede

Rekeningnaam: NGK Louensrivier Bank
ABSA Bank Strand
Rekeningnommer: 420 580 231 (Takkode 334 312)

Elektroniese oorplasing:

Stuur 'n bewys van inbetaling aan kerkkantoor per e-pos, fin@louensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing:

Naam, wyk- of satellietnommer
Waarvoor bv. dankoffer, voedsel fees

Dankoffer Geleenthede

Nagmaal

Februarie; Mei; Augustus; November

Tiende: Oktober

FOKUS OP DIE HUWELIK

Vaughan Gardiner - 'N MAN SE GEBED



Wat maak 'n man
Wys my U plan
Wys my hoe om vas te hou
O, God help my om voort te bou
Nou is die uur
Die twyfel 'n muur
Ek staan met hande na bo
Maar ek weet en ek glo... U is hier

En God maak my 'n man vir my vrou
Maak my 'n pa vir my kind
Maak my so sterk laat U krag my lei
God wees die Man in my
Gee my die krag
Om te praat hard maar sag
Gee my die eer
O God gee my die krag om liefde te leef

En God maak my 'n man vir my vrou
Maak my 'n pa vir my kind
Maak my so sterk laat U krag my lei
God wees die Man in my
Laat ek U woord elke dag by my hoor
Dra my dat ek nooit U krag sal verloor
Kom wees die Anker
Kom wees die Stem wat opkyk na bo

En God maak my 'n man vir my vrou
Maak my 'n pa vir my kind
Maak my so sterk laat U krag my lei
God wees die Man in my
In U naam alleen

Liedjie is beskikbaar by hierdie skakel:

https://www.youtube.com/watch?v=ZYxFCARa2H0&fbclid=IwAR0A-Qcz54Wd3NBEEdXxqFc-Griaiikz_svsxIKPjghLnBnZhHWRIHo_m5Go

Jou selfoon het alreeds jou kamera,
jou kalender en jou wekker vervang.



Moenie dat dit jou familie
ook vervang nie!!!

An advertisement for Salon Olivia. The background is black. The text 'Salon Olivia' is written in a white, cursive font. Below it, '30 years experience' is written in a smaller font. The phone number '021 854 4312' is prominently displayed. Below that, 'Olivia | Charm' is written, followed by the numbers '083 558 3264 | 082 551 7466'. At the bottom, the address '5 DE MARDT STREET STRAND' is written. The advertisement is decorated with several white and pink scissors and hair styling icons.

RESEPTEHOEKIE

WENKE WAT WERK:

GEREGTE vir 'n heerlike kuier-Christusfees♪



EIERRING:

2 Eetlepels Gelatien
125ml koue water
250ml kookwater
12 Hardgekookte eiers
1 Eetlepel tamatiesous
3 Eetlepels suurlemoensap
500ml mayonnaise
Los die gelatien in die koue water op
Meng die kookwater by
Meng nou die res van die bestanddele by
en giet in vorm

Laat stol
Garneer met
gekapte
tamatie,
prawns,
avokadopeer
en bedien koud



Bron: Facebook: Resepte / Wenke / Tuin / Diere / DIY

GESTOLDE BEETRING:

1 Blik Kondensmelk
1 pakkie gladde maaskaas
1/4k suurlemoensap
1t gelatien (reg aangemaak)
Meng alles goed en laat stol in 'n ringvorm.

1 Bottel Beet
1 Pakkie Jellie net so droog bygesit en
gemeng (kan nog 1t gelatien (aangemaak)
bysit

Skep op die reeds
gestolde mengsel
en sit weer in die
yskas om te stol



Bron: Facebook: Kreatiewe Kos Idees

GEMARINEERDE SKAAPBOUD IN KARRINGMELK EN PORTSOUS

1 Skaapboud
Karringmelkmarinade:
250ml karringmelk
125ml olyfolie
1 medium ui fyngekap
4 knoffelhuisies fyngedruk
1 eetlepel gekapte vars kruie
2-3 teelepels mosterdpoer
2 eetlepel suurlemoensap
Sout en peper na smaak

Sous: 5 teelepels gekapte vars
pietersielie
1 eetlepel aangemaakte mosterdpoer
50ml kweperjellie of fyn appelkooskonfyt
50ml port
125ml room

2-3 teelepels koekmeelblom

Metode: Plaas die skaapboud in 'n
vlekvrye staal of glashouer.

Marinade: Meng al die bestanddele van
die marinade en giet bo oor.

Voorverhit die oond tot 160°C. Plaas
boud in oondbraaipan. Gooi klein bietjie
warm water in pan. Bedek met foelie en
bak 40 minute vir elke 500g plus 'n ekstra
40 minute. Maak die boud die laaste 30
minute oop om bruin te braai.

Sous: Voeg 'n bietjie water by die
panvete in die oondpan en kook tot los.
Voeg die res van die sousbestanddele
behalwe die meel by en laat effens
afkoel. Verdik sous met meel wat
aangemaak is. Laat net weer goed kook
en voeg by sous. Sit sous saam met
boudvleis voor.

Bron: <https://rekordeast.co.za/37678/heerlike-kersfees-geregte/>

GEBEDSAKSIE: DESEMBER 2018

GEBEDSONDERWERP:

Lourensrivier Gemeente

“Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U my gestuur het. Die heerlijkheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefhet net soos U My liefhet (Johannes 17:21 – 23)”



Kies een van die onderstaande en bid elke dag Desember net vir daardie punt:

1. Dat daar 'n Gees van eensgesindheid in Lourensrivier Gemeente sal wees – dat ons mekaar sal liefhê.
2. Dat 'n kultuur van dissipelskap sal heers en dat die maak van dissipels deel van elke lid se daaglikse lewe sal wees.
3. Dat getroue ouer lede die skrif sal gebruik om lede to onderrig.
4. Bid vir 'n honger vir die Woord in elke persoon.

5. Bid dat deursigtige betekenisvolle verhoudings die norm sal wees.
6. Dat gemeenteleiers nie sal swig onder temptasie en getrou sal bly.
7. Bid asseblief dat ouer lede tieners sal onderrig en lei in die Woord.
8. Bid dat Lourensrivier Gemeente as 'n veilige hawe gesien en gebruik sal word deur almal in die gemeenskap.
9. Dat die hoop vir die ewige lewe groter sal wees as die hoop vir politieke verandering.



Gebed:

*Ons Vader wat in die hemel is,
laat U naam geheilig word.
Laat U koninkryk kom,
Laat U wil geskied op die aarde,
laat U wil geskied in my hart,
my lewe, my dorp, my huis,
my verhoudings, my werk
soos in die hemel.
Aan U behoort die mag en die heerlijkheid.
Amen*

BID: Decoligny, Transkei (2018-11-22)

BID:

- Die Jaareinde Konferensie van die gemeente is verskuif na die naweek van 24 - 25 November. Die tema is: "Die pastorale versorging van lidmate."
- Ons bid vir 'n poging van 'n komitee van Decoligny gemeente waarmee hulle op 1 Desember 'n groot aksie wil loods met behulp van die lidmate om die gronde en geboue van Decoligny skoon te maak en op te ruim.
- Die grondbesetters begin weer, ten spyte van 'n hofbevel, om huise op te rig en die grond van die kerk te beset. Daar is nou iemand wat hom voordoen as die Koning se sekretaris wat twee huise van Mpeko gemeente op Decoligny geneem het. Hy sê dat die 100jarige huurooreenkoms van die kerk verstryk het en dat hy nou reg op die huise het. Die waarheid is dat daar nooit enige sodanige ooreenkoms is nie en dat die kerk nog geen gemeentes 100 jaar terug daar gehad het nie! Daar sal volgende week 'n vergadering met die Koning se kantoor oor hierdie saak wees. Laat ons daarvoor bid.

INLIGTING:

- Sinethemba is nou 10 jaar oud. Dit was op 8 November, 10 jaar terug, wat die Here ons geseën het deur hierdie droom 'n werklikheid te laat word.
- Dit gaan goed met die kinders by Sinethemba. Hulle sluit op 5 Desember vir die skool vakansie. Die personeel sê dat hulle volgende jaar die getal kinders wil verminder om beter toesig oor hulle te kan hou.
- As gevolg van die winter veldbrande, is die heinings van Sinethemba totaal vernietig. Hulle kon nog nie genoeg fondse bymekaarmaak om die heinings te vervang nie. Dit het die negatiewe

gevolg dat hulle nie nou enige groente kan plant nie.

- Sam het klaar eksamen geskryf. Ons dink aan hom en vertrou dat hy goeie punte sal kry. Ons dink aan hom wat volgende jaar ernstig aandag sal moet gee aan Hebreeus en Grieks.

DANK:

- Op 30 November hou die gemeente van Decoligny 'n Kersfees partytjie vir die kinders van Sinethemba. Grahamstad gemeente het gesê dat hulle op 1 Desember weer presente gaan bring vir Sinethemba se kinders. Ons is baie dankbaar vir hulle voortgesette betrokkenheid.
- Die Ring van Mthatha se Manne Aksie Konferensie die naweek van 26 - 28 Oktober te Decoligny was 'n groot sukses. 10 uit die 12 gemeentes van die Ring het die byeenkoms bygewoon.
- Die Kerkraad het Kategese ondersoek van 8 jongmense gedoen op 10 Oktober en hulle sal as lidmate bevestig word op 25 November.

(Inligting voorsien deur Sam Dandala (Decoligny) en Felicia Twantwa (Sinethemba))



Groete in Jesus Christus
Willem Botes
083 658 2154 / 021 854 4620
wgpbotes@gmail.com

Sonder Jesus is ons niks...

Hierdie is aanhaling uit 'n gedeelte van 'n preek:

BRON: <http://www.nhka.org/index.php/so-aanbid-ons-11/preke.html?id=1093:romeine-831-39-watter-soort-donkie-is-ons&catid=100>van

“Dis 'n eenvoudige, fiktiewe vertelling. Die hoofkarakter van hierdie vertelling is egter nie fiktief nie, ons lees van hom in onder andere Markus 11:1-11: 'n donkie.

Die oggend na daardie intog van Jesus in Jerusalem het hy vroeg wakker geword, gloeiend van die vorige dag se trots. Die plesier wat hy ervaar het, laat hom ril. Hy stap toe na die dorpsput toe en sê vir die mense: ‘Gooi julle nie julle klere voor my neer nie, weet julle nie meer wie ek is nie?’ En 'n groot man gee hom toe 'n klap op die boud en jaag hom weg.

Die donkie skuif toe mark toe. Trots, fier en regop kom hy by die mark aan. Maar niemand gee aan hom aandag nie. ‘Waar is die palmtakke’, vra hy toe, ‘gister nog het julle palmlare gestrooi waar ek loop!’. Maar geen antwoord van almal daar nie. Seergemaak en deurmekaar bekla hy sy lot by sy ma. ‘Dom kind’, raas sy liefdevol, ‘besef jy dan nie dat sonder Jesus jy maar net 'n gewone donkie is nie?’

Sonder Christus is ons nie veel anders as die donkie nie. Wonderlik soos wat God ons gemaak het is ons sonder Jesus maar net gewone, sondaarmense.

Maar die oomblik, wat ons besef en glo dat lewe net sin het in Jesus Christus, verander ons van doodgewone sondaarmense na mense wat Jesus op 'n keer sy vriende genoem het. Ons word nuwe mense, mense wat van binne af deur God se Gees nuut gemaak word om nuut te kan leef. Mense wat weer kan begin groei na die beeld van God, mense wat God se verteenwoordigers hier op aarde word, mense wat God se mense word, mense met 'n toekoms, en mense met 'n lewe vol sin, vreugde en vrede.

Hoor hoe sê God dit in sy Woord vir ons.
God se mense is mense wat:
nuwe mens is (2 Kor 5:17);
tot alles in staat is (Fil 4:13);
die sout van die aarde is (Matt 5:13);
die lig vir die wêreld is (Matt 5:14);
deel van die liggaam van Christus is (Rom 12:5);
in die vrede van God leef (Fil 4:7);
nooit verlore sal gaan nie (Joh 10:28-29); en
nou reeds besig is om te verander om meer en meer soos Christus te word (2 Kor 3:18).”





Step It Up
Line Dancing

Step It Up
Line Dancing
Strand

*Wishing you All
a wonderful dancing
Christmas season
Hope to greet you
all in the New Year
Classes will commence
in January 2019*

Merry Christmas

Contact 066 286 6703

JC VORSTER

065 816 9617

HEARING CARE

...for better hearing,

- Medical aid rates • Easy parking access
- Hearing Tests • Hearing aids • Batteries
- Noise / water/ sleep protection earplugs
- Quotations on repairs and new hearing aids
- 10 Minute hearing screen awareness tests

...and professional audiology services.


Goede Hoop /Spar Centre, c/o Broadway Blvd. & Da Gama Street, Strand



Lukas 2: 10-12


Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here! En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê."

Kersfees foto ornament om op die boom te hang



Versier eers die prentjie. Knip nou die 2 prentjies uit. Dan knip jy die gaatjie baie versigtig uit. Plaas nou jou foto tussen die 2 prentjies en gom dan vas aan mekaar. Druk 'n gaatjie waar die swart kol is en heg lintjie.

LEESROOSTER FOKUSTEKS: Lukas 21:25-36



EclipseCrossword.com

DWARS

2. 'n Boom
6. Mense sal ----- van vrees
10. As Jesus weer kom is ons ----- naby
12. Wees op jou ----
13. Die Seun van die mens sal hiermee kom
15. Wees waaksaam en bid -----

AF

1. As ons tekens sien, is ----- van God naby
3. Ons sal voor Hom verskyn
4. Op die aarde sal daar ----- onder die volke wees
5. Dit sal vergaan
7. Jesus se ---- sal nooit vergaan nie
8. Kragte van die ----- sal ontwig word
9. Seisoen wat naby is as boom begin uitloop
11. Volke sal bang wees vir die ----- van die see
14. Daar sal ---- wees aan son, maan en sterre

We are Helderberg

We are the leaves rustling in ancient Milkwoods.
We are the fresh breath of the ocean air.
We are the art and sculptures in our local galleries.
We are organic farmers markets with family and friends.
We are fine wines and cuisine from our most exclusive wine estates.



Lets' get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

Edelweiss Hankey 083 252 1964 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za

Burger van Dyk 084 540 4543 / burger.vandyk@pamgolding.co.za



pamgolding.co.za

